Die uitdagings vir Afrikaans in die hoër onderwys

HOE LYK DIE KONTEKS VIR AFRIKAANS IN DIE SUID-AFRIKAANSE SKOOLONDERWYS?

Skole waar Afr as medium gebruik word *(Rapport, 16 Mei 2010 - SAOU-data)*

	Enkelmedium		Parallelmedium		Totaal
	Laerskole	**Hoërskole**	**Laerskole**	**Hoërskole**	
Wes-Kaap	448	82	199	101	830
Gauteng	174	121	123	83	501
Oos-Kaap	180	30	91	42	343
Noord-Kaap	151	37	55	33	276
Vrystaat	23	41	80	35	179
Limpopo	11	1	39	18	69
Noordwes	32	14	14	9	69
Mpumalanga	16	5	21	11	53
KZN	3	4	34	10	51
TOTAAL	**1038**	**335**	**656**	**342**	**2371 (9%)** *[25 875 staatskole in SA in '10]*

HOE LYK DIE KONTEKS VIR AFRIKAANS IN DIE SUID-AFRIKAANSE SKOOLONDERWYS?

Aantal leerders wat in Afr skoolgaan *(Rapport, 16 Mei 2010 - SAOU-data)*

	Bruin/Swart	Wit	Totaal
In enkelmedium-skole	222 200	291 700	513 000
In parallelmedium-skole	58 905	191 130	250 035
Totaal	**281 105**	**482 830**	**763 035**

Totale aantal leerders in SA onderwysstelsel in 2010: 12 239 363	Afrikaanse leerders: 6.23% hiervan

In 2011, slaag 348 000 matrikulante in SA.

54 000 van hulle is Afrikaanssprekend (15.5%).

36 000 van die groep kry matrikulasievrystelling (twee-derdes).

29 000 van hulle skryf by SA universiteite in (80% van die groep wat matrikulasie-vrystelling het)

doi.10.17159/2224-7912/2015/v55n1a10

HOE LYK DIE KONTEKS VIR AFRIKAANS IN DIE SUID-AFRIKAANSE ONDERWYS?

Wat leer hierdie getalle ons?

1. Die aantal Afrikaanse skole (enkel- en parallelmedium) en die aantal Afrikaansleerders is in die minderheid in die openbare skoolstelsel. Die dalende tendens sal waarskynlik voortgaan.
2. Die argument dat Afrikaans toegang belemmer, geld nie.
3. Die goeie matriekslaagsyfer onder Afrikaanssprekendes maak dat die meerderheid van hulle universiteit toe gaan.
4. Die jaarlikse invloei van Afrikaanse skoolverlaters in die universiteit-stelsel is genoeg om die aanvraag om Afrikaans as voertaal in HO te regverdig.
5. Die Suid-Afrikaanse ekonomie word sterk deur Afrikaanssprekende gegradueerdes gedra.

EN DIE SITUASIE BY SA UNIVERSITEITE?

Universiteit	Afrikaans as voertaal?		Universiteit	Afrikaans as voertaal?
CPUT	√		UP	√
CUT	x		Rhodes	x
DUT	x		UNISA	√
UCT	x		US	√
UFS/UVS	√		TUT	x
UFH	x		UniVen	x
UJ	√		UWC	x
UKZN	x		VUT	x
Limpopo	x		WSU	x
MUT	x		UniZul	x
NMMU	x		WITS	x
NWU	√		Ongeveer 11% v	studente id HO stelsel

doi.10.17159/2224-7912/2015/v55n1a10

DIE SAMESTELLING VAN DIE AFRIKAANSE TAALGEMEENSKAP VOLGENS RAS

	1996	**2001**	**2011**
Swart	3.70%	4.10%	8.80%
Bruin	50.40%	53%	50.20%
Wit	44.10%	42.50%	39.50%
Ander	0.20%	0.30%	1.50%

	1996	**2001**	**2011**
Totaal Afrikaans	5.793m	5.992m	6.855m
Swart Afrikaans	216000	246000	602166

Grondwet	Artikel 6	(1)	Die amptelike tale van die Republiek is Sesotho sa Leboa, Sesotho, Setswana, siSwati, Tshivenda, Xitsonga, Afrikaans, English, isiNdebele, isiXhosa en isiZulu.
	Artikel 9	(3)	Die staat mag nie regstreeks of onregstreeks onbillik teen iemand diskrimineer op een of meer gronde nie, met inbegrip van ras, geslagtelikheid, geslag, swangerskap, huwelikstaat, etniese of sosiale herkoms, kleur, seksuele georiënteerdheid, ouderdom, gestremdheid, godsdiens,gewete, oortuiging, kultuur, taal en geboorte.
	Artikel 29	(1) (a) (b) (2) ***(a)*** ***(b)*** ***(c)*** (3) (a) (b) (c)	Elkeen het die reg – op basiese onderwys, met inbegrip van basiese onderwys vir volwassenes; en op verdere onderwys, wat die staat, deur middel van redelike maatreëls, in toenemende mate beskikbaar en toeganklik moet maak. ***Elkeen het die reg om in openbare onderwysinstellings onderwys te ontvang in die amptelike taal of tale van eie keuse waar daardie onderwys redelikerwys doenlik is.*** Ten einde doeltreffende toegang tot en verwesenliking van hierdie reg te verseker, moet die staat alle redelike alternatiewe in die onderwys, met ***inbegrip van enkelmediuminstellings***, oorweeg, met inagneming van – ***billikheid;*** ***doenlikheid; en*** ***die behoefte om die gevolge van wette en praktyke van die verlede wat op grond van ras gediskrimineer het, reg te stel.*** Elkeen het die reg om op eie koste **onafhanklike onderwysinstellings** tot stand te bring en in stand te hou wat nie op grond van ras diskrimineer nie; by die staat geregistreer is; en standaarde handhaaf wat nie minderwaardig is vergeleke met standaarde by vergelykbare openbare onderwysinstellings nie.

doi.10.17159/2224-7912/2015/v55n1a10

Taal-in-onderwysbeleid		Bevordering van meertaligheid, ontwikkeling van amptelike tale en respek vir alle tale
Taalbeleid in HO	Art 15.4	The Ministry acknowledges that Afrikaans as a language of scholarship and science is a national resource. It, therefore, fully supports the retention of Afrikaans as a medium of academic expression and communication in higher education and is committed to ensuring that the capacity of Afrikaans to function as such a medium is not eroded.

WAT IS DUS DIE UITDAGINGS VAN AFRIKAANS AS HOËR ONDERWYSTAAL?

- Die stelselmatige vermindering van die getal enkeltalige Afrikaanse skole deur:
  - die poilitiek druk van provinsiale onderwysdepartemente
  - die kortsigtigheid van plaaslike beheerliggame
  - die kortsigtigheid van ouers wat Engels as die taal van aspirasie sien
- Die gebrek aan politieke wil by die meerderheid universiteite om Afrikaans se grondwetlike posisie te handhaaf (wat nog te sê uit te bou!)
  - Die "prakties doenlik" word as te duur of onprakties beskou..
  - Afrikaans se grondwetlike posisie en reg word gerysmier deur politieke korrektheid en die ideologie van transformasie (en demografiese verteenwoordiging)
  - In praktyk troef die "toegangs-" argument art 29(2) van die Grondwet elke keer – ten spyte van duisende swart en bruin Afrikaansspekendes wat nie suksesvol kan (en wil?) wees in Engelse hoër onderwys nie
  - Om Afrikaans as vak aan te bied (soos argeologie) help Afrikaans as hoër onderwystaal en sy hoër funksies net mooi niks nie!
  - Die billikheid van 2/3 uit 38

WAT IS DUS DIE UITDAGINGS VAN AFRIKAANS AS HOËR ONDERWYSTAAL? (2)

- Die gebrek aan politieke wil by die nasionale en provinsiale owerhede om Afrikaans se grondwetlike regte te beskerm en te ondersteun:
  - Beide op politieke en finansiële vlak
  - Die druk om Afrikaans effektief uit universiteite te verwyder, kom nie van nasionale vlak nie, maar laer af in die stelsel, en die uitdaging is om nasionale leiers se standpunt onomwonde te hoor
- Die gebrek aan kreatiwiteit by universiteite om Afrikaans se grondwetlike regte te laat realiseer:
  - In terme van onderrig-leer is daar reeds strategieë wat getoets is en werk (opvoedkunidge tolking, parallelmedium, ens)
  - In terme van Afrikaans as navorsingstaal is meer werk nodig
  - Afrikaans het steeds kommersiële waarde

WAAR LÊ MOONTLIKE OPLOSSINGS?

- Afrikaanse ouers om hulle kinders na Afrikaanse skole te stuur – op grond van pedagogiese, kulturele en kwaliteitsredes
- Oortuig provinsiale onderwysdepartemente dat Afrikaanse skole 'n bate is wat nie verengels behoort te word nie – indien nie moontlik nie, oorweeg regsaksie(s)

doi.10.17159/2224-7912/2015/v55n1a10

- Oortuig ten minste 11% van universiteitskampusse (4) om Afrikaans as hoër onderwystaal te behou en uit te bou
- Mobiliseer Afrikaanssprekende studente en personeel om hulle reg op te eis om Afrikaans as hoër onderwystaal te benut
- Oortuig die nasionale owerhede dat Afrikaans as hoër onderwystaal 'n nasionale bate is (die Asmal taalbeleid) en dat dit beslag moet vind in kampusse wat merendeels Afrikaans gebruik – sonder om ander uit te sluit
- Verstaan die sg "tipping point"-konsep in terme van taal – en weerstaan die tirannie van die meerderheid (selfs as dit in mooi-klinkende argumente geklee is)

Theuns Eloff
Direkteur van maatskappye en Assosiaat by Dabiko Consulting
Theuns@dabiko.co.za

doi.10.17159/2224-7912/2015/v55n1a10